



EKONOMIE

Ekonomiese vooruitsigte: Tendense om dop te hou

Daar is 'n groot vraagteken oor of Suid-Afrika se onlangse beter as verwagte ekonomiese groei in die laaste helfte van vanjaar gehandhaaf kan word.

Die onlangse groei in die ekonomie, wat die Internasionale Monetêre Fonds se voorspellings ver oortref het, kan toegeskryf word aan die wêreldwye vraag na hulpbronne wat gekoppel is aan herstel en die post-pandemiese drukverligting wêreldwyd wat tot hoë kommoditeitspryse gelei het. Tesame met uitstekende landbou-uitvoer en die bykomende voordeel van Covid-19-verligtingstoelaes het dit die ekonomie gehelp om van 'n lae basis af te herstel. Die groei is deels die gevolg van die vraag wat verlede jaar tydens die streng inperkings opgebou het.

Die groot vraag wat in die volgende paar maande gevra sal word, is of hierdie korttermyn groei in 'n volhoubare momentum op lang termyn omgeskakel kan word. Een van die grootste risiko's vir die ekonomiese herstel is nou natuurlik die Covid-19-pandemie, veral die delta-variant van die virus wat die derde golf van infeksies in al die provinsies van die land aandryf en wat daartoe gelei het dat die regering die vlak 4- en streng grendelstaatinperkings aan die einde van Junie weer in die land ingestel het.

Of dié ekonomiese groeivlakke gehandhaaf kan word, sal grootliks afhang van hoe vinnig en effektief die regering sy inentingsprogram – wat tot dusver te stadig was – in werking kan stel, die mate waarin kommoditeitspryse sal hou, of inflasie die SA Reserwebank (SARB) en ander sentrale banke sal dwing om rentekoerse te verhoog, hoe vinnig SA se infrastruktuurprogram in werking tree, die mate waarin die beëindiging van die Covid-19-verligtingstoelaes verbruikersvertroue sal beïnvloed, en hoe suksesvol die nasionale tesourie sal wees om die openbare sektor se loonrekening te beperk.

Die bekommernisse

Onlangse aanduidings is dat die nasionale tesourie nie daarin slaag om die openbare sektor se loonrekening so suksesvol te beperk as wat hy gehoop het nie. Eienaardig genoeg kan die verbetering in die ekonomie teen die tesourie werk as dit kom by loononderhandelinge.

Nog 'n bekommernis is dat hoewel die invordering van maatskappybelasting weer op die vlakke is van voor die Covid-19-pandemie, wat in 'n groot mate te danke is aan die goeie prestasie van die myne, invordering van persoonlike belasting nie in dieselfde mate herstel het nie. Laasgenoemde beslaan die grootste deel van belastinginkomste. Die swak herstel in persoonlike belasting wys dat die afdankings weens die pandemie tot permanente werkverliese kan lei. Werkloosheid sal dalk verder vererger word deur die onlangse vlak 4-beperkings op alkoholverkope en restaurantbesoekers.

Hoewel die herstel in kommoditeitspryse goeie nuus vir die ekonomie is, moet die vraag tog gevra word of mynmaatskappye hul groter winste weer gaan belê in die uitbreiding van hul vermoë aan die aanbodkant of die winste in die vorm van dividende sal deurgee. Laasgenoemde sal goed wees vir belastinginvordering en die nasionale tesourie, maar is nie so positief vir langtermyn- ekonomiese groei nie.

Die vooruitsigte vir inflasie, rentekoerse en die rand

Inflasie sal na verwagting aanhou styg, en tot 'n mate is dit reeds in markpryse waarneembaar. Afhangend van inflasie, kan ons een of twee rentekoersverhogings van 0,25 persentasiepunte voor die einde van die jaar verwag. Gegewe die brose toestand van die ekonomie, sal die SARB versigtig optree om rentekoerse nie te vinnig te verhoog nie.

Die onsekerheid ontstaan indien inflasie meer of vinniger sou styg as wat verwag is. In die geval van laasgenoemde, kan verwag word dat markte in 'n mate kan daal ná 'n rentekoersverhoging of selfs vinniger weens verwagte onttrekkings aan die SARB se effektekoopprogramme. As die toekoms egter deflasionêr is, sal markte waarskynlik beter vaar.

Die onlangse sterkte van die rand was 'n seën vir invoerders. Plaaslike faktore wat die rand die res van die jaar waarskynlik sal beïnvloed, sluit in die plaaslike verkiesings, die impak van die derde golf van Covid-19-infeksies – wat waarskynlik erger sal wees as die eerste golf – en die verwagting dat die vlak 4-inperkings verleng sal word. Onlangse

hofuitsprake teen diegene wat betrokke is by korrupsie, sowel as die handelsoorskot, is bemoedigende faktore vir die rand.

Maar 'n oorbeklemtoning van plaaslike faktore wat die randbeweging betref, is 'n fout, gegewe die mate waarin internasionale faktore 'n rol speel. Die mark sal die inflasietrajek in Amerika met belangstelling dophou, aangesien Amerikaanse koerse 'n beduidende impak op die beweging van die plaaslike geldeenheid het.

Die rand is steeds 'n uiters wisselvallige geldeenheid en sy onlangse sterkte is nie 'n aanduiding dat die ekonomie uit die moeilikheid is nie. Dit is trouens 'n goeie idee om risiko in 'n portefeulje te beskerm en nie mislei te word deur valutabewegings nie, veral gegewe die verwagte langtermyntendens van randverswakking en hoër inflasie as SA se handelsvennote.

Kan die vertroue herstel word?

Ekonomiese herstel is onlosmaaklik verbind met vertroue. Verbruikersvertroue is tans laag en sakevertroue sal waarskynlik dié voorbeeld volg, wat nie goeie nuus vir 'n volgehoue ekonomiese herstel is nie.

Daar is geen vinnige oplossing vir die heropbou van vertroue nie, maar 'n gesamentlike poging om korrupsie uit te roei, vrugtelose en verkwistende uitgawes op plaaslike regeringsvlak stop te sit, hindernisse vir besigheid soos beleids- en regulatoriese onsekerheid uit die weg te ruim, en spektrum vry te stel, sal help om die vertroue in die regering se optrede te herstel. Uiteindelik moet die fokuspunt van die regering se poging wees om groei aan te moedig, aangesien dit die enigste oplossing vir die meeste van die land se uitdagings sal wees. ■

terugvoer@finweek.co.za

Andrew Duvenage is die besturende direkteur van NFB Private Wealth Management en Paul Marais is die besturende direkteur van NFB Asset Management.